



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
**GOVERNMENT GAZETTE**

**STAATSKOERANT**  
 VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 20c PRYS  
 OVERSEAS 30c OORSEE  
 POST FREE—POSVRY

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 94]

PRETORIA, 19 APRIL 1973

[No. 3868

**PROCLAMATIONS**

*by the State President of the Republic of  
 South Africa*

No. 101, 1973

**STEELPOORT RIVER IRRIGATION DISTRICT,  
 DISTRICT OF LYDENBURG, TRANSVAAL.—DIS-  
 ESTABLISHMENT**

Whereas it is provided by section 78 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that the State President may, on the recommendation of the Minister, disestablish an irrigation district whenever, at a special meeting, the voters of such irrigation district vote, by a majority of votes according to the latest voters' list of that irrigation district, in favour of the disestablishment of such irrigation district;

And whereas, at a special meeting, the voters of the Steelpoort River Irrigation District voted by a majority of votes in favour of the disestablishment of the Steelpoort River Irrigation District;

And whereas the provisions of the said Act in respect of such disestablishment of an irrigation district have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said section 78 (1), I do hereby declare that the Steelpoort River Irrigation District, District of Lydenburg, Transvaal, as established by Proclamation 1201 of 1952, is disestablished.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Thirteenth day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S: P. BOTHA.

No. 102, 1973

**ELANDS RIVER IRRIGATION DISTRICT,  
 DISTRICT OF GROBLERSDAL, TRANSVAAL.—DIS-  
 ESTABLISHMENT**

Whereas it is provided by section 78 (1) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that the State President may, on the recommendation of the Minister, disestablish an irrigation district if the Board of such irrigation district has not held a meeting during 12 consecutive months;

**PROKLAMASIES**

*van die Staatspresident van die Republiek  
 van Suid-Afrika*

No. 101, 1973

**STEELPOORTRIVIERBESPROEINGSDISTRIK, DIS-  
 TRIK LYDENBURG, TRANSVAAL.—AFSKAFFING**

Nademaal daar by artikel 78 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal word dat die Staatspresident, op aanbeveling van die Minister, 'n besproeiingsdistrik kan afskaf wanneer die kiesers van sodanige besproeiingsdistrik op 'n spesiale vergadering met 'n meerderheidstem volgens die jongste kieserslys van daardie besproeiingsdistrik ten gunste van die afskaffing van sodanige besproeiingsdistrik stem;

En nademaal die kiesers van die Steelpoortrivierbesproeiingsdistrik op 'n spesiale vergadering met 'n meerderheidstem ten gunste van die afskaffing van die Steelpoortrivierbesproeiingsdistrik gestem het;

En nademaal die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige afskaffing van 'n besproeiingsdistrik nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde artikel 78 (1), hierby verklaar dat die Steelpoortrivierbesproeiingsdistrik, distrik Lydenburg, Transvaal, soos ingestel by Proklamasie 1201 van 1952, afgeskaf word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Dertiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

No. 102, 1973

**ELANDSRIVIERBESPROEINGSDISTRIK, DISTRIK  
 GROBLERSDAL, TRANSVAAL.—AFSKAFFING**

Nademaal daar by artikel 78 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal word dat die Staatspresident op aanbeveling van die Minister 'n besproeiingsdistrik kan afskaf as die Raad van sodanige besproeiingsdistrik gedurende 12 agtereenvolgende maande geen vergadering gehou het nie;

And whereas the Board of the Elands River Irrigation District, District of Groblersdal, Transvaal, has not held a meeting during 12 consecutive months;

And whereas the provisions of the said Act in respect of such disestablishment of an irrigation district have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said section 78 (1), I do hereby declare that the Elands River Irrigation District, District of Groblersdal, Transvaal, as constituted by Proclamation 20 of 1967, is disestablished.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twelfth day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. P. BOTHA.

En nademaal die Raad van die Elandsrivierbesproeiingsdistrik, distrik Groblersdal, Transvaal, gedurende 12 agtereenvolgende maande geen vergadering gehou het nie;

En nademaal die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot sodanige afskaffing van 'n besproeiingsdistrik nagekom is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde artikel 78 (1), hierby verklaar dat die Elandsrivierbesproeiingsdistrik, distrik Groblersdal, Transvaal, soos ingestel by Proklamasie 20 van 1967, afgeskaf word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twaalfde dag van Maart Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. P. BOTHA.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. 621 19 April 1973  
AMENDMENT TO THE CONSTITUTION OF THE WALRICH SHEEP BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA

In terms of the provisions of section 5 of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 (Act 28 of 1957), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, do hereby make known that I have approved, with effect from the date of publication of this notice, the amendment to the Constitution of the Walrich Sheep Breeders' Society of South Africa, accepted by the Annual General Meeting of the Society held on 12 April 1972.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. 622 19 April 1973  
AMENDMENT TO THE CONSTITUTION AND BY-LAWS OF THE ARAB HORSE SOCIETY OF SOUTH AFRICA

In terms of the provisions of section 5 of the Registration of Pedigree Livestock Act, 1957 (Act 28 of 1957), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, do hereby make known that I have approved, with effect from the date of publication of this notice, the amendments to the Constitution and Bye-laws of the Arab Horse Society of South Africa, accepted by the Annual General Meeting of the Society held on 24 September 1971.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 623 19 April 1973  
WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM THE PROVISIONS OF SECTION 9 (1) OF THE BANTU (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (ACT 25 OF 1945), IN RESPECT OF THE URBAN AREA OF MESSINA

I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, hereby declare, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, under the powers vested in him by section

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIËSE DIENSTE

No. 621 19 April 1973  
WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE VAN DIE WALRICH SKAAPTELEERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Kragtens die bepalings van artikel 5 van die Wet op Registrasie van Stamboekvee, 1957 (Wet 28 van 1957), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat ek die wysiging van die Konstitusie van die Walrich Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika aanvaar deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap gehou op 12 April 1972, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, goedgekeur het.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

No. 622 19 April 1973  
WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE EN BYWETTE VAN DIE ARABIER PERD GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Kragtens die bepalings van artikel 5 van die Wet op Registrasie van Stamboekvee, 1957 (Wet 28 van 1957), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat ek die wysigings van die Konstitusie en Bywette van die Arabier Perd Genootskap van Suid-Afrika aanvaar deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap gehou op 24 September 1971, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, goedgekeur het.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN ONTWIKKELING

No. 623 19 April 1973  
INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 9 (1) VAN DIE BANTOES (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET 25 VAN 1945), TEN OPSIGTE VAN DIE STADSGEBIED MESSINA

Ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, verklaar hierby, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by



9 (2) (e) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), and at the request of the urban local authority concerned, that the exemption from the provisions of section 9 (1) of the said Act, which applies to the accommodation of not more than one Bantu employed full time as a bona fide domestic servant by a private householder and occupying accommodation approved by the urban local authority and provided by his employer on the premises on which he is so employed, shall, with effect from the date of publication hereof, not apply in the urban area of Messina.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(File A15/1426)

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 531

5 April 1973

### NOTICE OF EXPROPRIATION

Whereas notice of expropriation in terms of section 39 (2) (a), (b) and (c) of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), cannot be served on the owners of the undermentioned properties, notice is hereby given in terms of section 39 (2) (d) of the said Act, that in terms of section 38 (1) (a) of the said Act the Minister of Community Development has, on 13 November, 1972, approved of the expropriation by the Community Development Board of the undermentioned properties, which are required by the said Board in order to achieve the objects for which the Board was established.

Notice is therefore given that the said Community Development Board hereby expropriates the undermentioned properties with effect from 2 April 1973.

The owners or their assignees are hereby requested to state the amounts claimed by them for the said properties and they are further required to deliver, or cause to be delivered to the Regional Representative, Department of Community Development, Private Bag X301, Pretoria, within 30 days from the said date, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(a) a statement in writing setting forth the amount of compensation (if any) claimed for the undermentioned immovable properties;

(b) the documents of title to the immovable properties of these are in possession of the owners or their assignees or under their control; and

(c) if the said documents are not in the possession or under the control of the owners or their assignees, a list, signed by the owners or their assignees, of the said documents setting forth the registration numbers and dates thereof and the names and addresses of the persons in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of mortgage bonds (if any) on the immovable properties and the names and addresses of the holders thereof.

It is further notified that ownership in the immovable properties described hereunder shall pass to the said Board on 2 April 1973 and that the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the above-mentioned date, take possession of the under mentioned properties:

artikel 9 (2) (e) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), en op versoek van die betrokke stedelike plaaslike bestuur, dat die vrystelling van die bepalings van artikel 9 (1) van genoemde Wet, wat van toepassing is op die huisvesting van hoogstens een Bantoe wat voltyds as bona fide-huisbediende in diens van 'n private huishouer is en wat huisvesting wat deur die stedelike plaaslike bestuur goedgekeur is, bewoont deur sy werkgewer verskaf is op die perseel waar hy aldus in diens is, met ingang van die datum van afkondiging hiervan nie in die stadsgebied Messina geld nie.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

(Lêer A15/1426)

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 531

5 April 1973

### KENNISGEWING VAN ONTEIENING

Nademaal onteieningskennisgewings ingevolge artikel 39 (2) (a), (b) en (c) van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), nie aan die eienaars van ondergenoemde eiendomme beteken kan word nie, word ingevolge artikel 39 (2) (d) van genoemde Wet hierby kennis gegee dat die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bepalings van artikel 38 (1) (a) van genoemde Wet, op 13 November 1972 die onteiening deur die Gemeenskapsontwikkelingsraad van ondergenoemde eiendomme, wat deur genoemde Raad benodig is ten einde die oogmerke te bereik waarvoor die Raad ingestel is, goedgekeur het.

Kennis word derhalwe gegee dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad ondergenoemde eiendomme met ingang van 2 April 1973 onteien.

Die eienaars of hul gevolmagtigdes word hierby versoek om die bedrag wat hulle ten opsigte van genoemde eiendomme eis, te noem en binne 30 dae vanaf genoemde datum of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan die Streekvertegenwoordiger, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak X301, Pretoria, te lewer, af te laat lewer—

(a) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat geëis word vir die onroerende eiendomme hieronder beskryf, uiteengesit word;

(b) die stukke wat die titelbewyse op die onroerende eiendomme uitmaak, indien dit in die besit of onder die beheer van die eienaars of hul gevolmagtigdes is; en

(c) indien genoemde stukke nie in die besit of onder die beheer van die eienaars of hul gevolmagtigdes is nie, 'n lys deur hulle onderteken, van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die name en adresse van die persone in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is, en die registrasienommers en datum van verbande oor die onroerende eiendomme (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

Kennis word voorts gegee dat die eiendomsreg op die onroerende eiendomme hieronder beskryf op 2 April 1973 oorgaan op die Raad en dat die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na genoemde datum ondergenoemde eiendomme in besit mag neem:

## NEW PIETERSBURG

Erf No.	In extent	Situate in	Owner
One-third share of Lot 152....	2 552	Central and Theophila Streets.....	J. Makgoka.
One-third share of Lot 152....	2 552	Central and Theophila Streets.....	G. Makobela.
One-third share of Lot 288....	2 552	Fountain Street.....	(1) Martha R. Manaka, Veronica Manaka, Agnes Manaka and Naomi Manaka.
One-third share of Lot 288....	2 552	Fountain Street.....	(2) Ernst Mohlake.
One-fourth share of Lot 249....	2 552	Dely Street.....	Joseph Musi.
One-third share of Lot 102....	2 552	Stephen Street.....	Manasseh L. Makgoale.
One-fourth share of Lot 151....	2 552	Stephen and Mark Streets.....	(1) Philip Chili.
One-fourth share of Lot 151....	2 552	Stephen and Mark Streets.....	(2) Manasseh L. Makgoale.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(1) Nputle E. Matabane.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(2) Johannes Mapuma.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(3) Martha Mafapelo.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(4) Isaac Magoba.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(5) Meshack Manamela.
One-twelfth share of Lot 100....	7 656	Stephen Street.....	(6) Manasseh L. Mokgoale.

## NUWE PIETERSBURG

Erf No.	Grootte	Geleë in	Eienaar
Een-derde aandeel van Lot 152...	2 552	Sentraal- en Theophillastraat.....	J. Makgoka.
Een-derde aandeel van Lot 152...	2 552	Sentraal- en Theophillastraat.....	G. Makobela.
Een-derde aandeel van Lot 288...	2 552	Fountainstraat.....	(1) Martha R. Manaka, Veronica Manaka, Agnes Manaka en Naomi Manaka.
Een-derde aandeel van Lot 288...	2 552	Fountainstraat.....	(2) Ernst Mohlake.
Een-vierde aandeel van Lot 249	2 552	Delystraat.....	Joseph Musi.
Een-derde aandeel van Lot 102...	2 552	Stephenstraat.....	Manasseh L. Makgoale.
Een-vierde aandeel van Lot 151...	2 552	Stephen- en Markstraat.....	(1) Philip Chili.
Een-vierde aandeel van Lot 151...	2 552	Stephen- en Markstraat.....	(2) Manasseh L. Makgoale.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(1) Nputle E. Matabane.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(2) Johannes Mapuma.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(3) Martha Mafapelo.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(4) Isaac Magoba.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(5) Meshack Manamela.
Een-twaalfde aandeel van Lot 100	7 656	Stephenstraat.....	(6) Manasseh L. Mokgoale.

—5-13-19

## DEPARTMENT OF FINANCE

No. 620

19 April 1973

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned local registered stocks will be closed from 1 May 1973 to 1 June 1973, both days inclusive, and that the interest due on 1 June 1973, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

- Local Registered Stock, 3½ Per Cent, 1953/73.
- Local Registered Stock, 4¼ Per Cent, 1974.
- Local Registered Stock, 5¾ Per Cent, 1980.
- Local Registered Stock, 5¾ Per Cent, 1981.

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 614

13 April 1973

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST C139

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (b) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 620

19 April 1973

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde plaaslike geregistreerde effekte van 1 Mei 1973 tot en met 1 Junie 1973 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 1 Junie 1973 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

- Plaaslike Geregistreerde Effekte, 3½ Persent, 1953/73.
- Plaaslike Geregistreerde Effekte, 4¼ Persent, 1974.
- Plaaslike Geregistreerde Effekte, 5¾ Persent, 1980.
- Plaaslike Geregistreerde Effekte, 5¾ Persent, 1981.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 614

13 April 1973

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAM-LIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS C139

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (b) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

Magazine Published by/Tydskrif Gepubliseer deur

1. *Fiesta*, August 1971, Vol. 5, No. 6 (and all ensuing editions/en alle daaropvolgende uitgawes — Galaxy Publications Ltd., London.

—13-19



No. 655

19 April 1973

**PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS—LIST A281**

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by section 8 of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:

*Publications Published by/Publikasies Gepubliseer deur*

1. *Naked Yoga* (First Series of Asanas). Written by/ Geskryf deur Malcolm Leigh. Photography by/Fotografie deur John Adams—Fabbri and Partners Ltd, London.
2. *Never on a Broomstick*—Frank Donovan.
3. *Soccer Thug*—Frank Clegg.

No. 655

19 April 1973

**WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—LYS A281**

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 8 van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:

*Magazines Published by/Tydskrifte Gepubliseer deur*

4. *Scan*—Vyf Studente, Universiteit, Kaapstad.
  5. *Scope*, 30 March 1973, Vol. 8, No. 13—Republican Publications (Pty) Ltd, Durban.
- Price List Distributed by/Prysllys Uitgegee deur*
6. *Prysllys 1972*—Snelpos Groothandelaars, Kaapstad.

No. 656

19 April 1973

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS—LIST B264**

The Publications Control Board has by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (a) of section 113 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964), declared that the undermentioned goods are objectionable:

*Publications by/Publikasies deur*

1. *Fourth Angel, The*—John Rechy.
2. *144 Piccadilly*—Samuel Fuller.

No. 656

19 April 1973

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE—LYS B264**

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (a) van artikel 113 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), beslis dat die onderstaande goedere aanstootlik is:

No. 657

19 April 1973

**PUBLICATIONS CONTROL BOARD  
PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS — CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE 569, DATED 5 APRIL 1973**

Item 1 should read:

*Ein Fall Von Liebe*—Gordon Merrick.

No. 657

19 April 1973

**RAAD VAN BEHEER OOR PUBLIKASIES  
WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE—VERBETERING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING 569, GEDATEER 5 APRIL 1973**

Item 1 moet lees:

*Ein Fall Von Liebe*—Gordon Merrick.

No. 658

19 April 1973

**CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—FULTON TO GOVE**

The State President has been pleased, under section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Trevor Archibald Fulton, his wife Norma Carrol (born Hart), and his child Darryl William, residing at 6 Davies Crescent, Empangeni, to assume the surname of Gove.

No. 658

19 April 1973

**VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—FULTON IN GOVE**

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Trevor Archibald Fulton, sy vrou Norma Carrol (gebore Hart), en sy kind Darryl William, woonagtig te Davies-singel 6, Empangeni, te magtig om die van Gove aan te neem.

No. 662

19 April 1973

In accordance with sections 87 and 88 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), as amended, it is hereby notified that on 3 April 1973 Mr Roelof Ferdinand van Heerden was duly declared elected as a member of the House of Assembly for the Electoral Division of Colesberg, no other persons having been duly nominated as candidates for election for the said electoral division.

No. 662

19 April 1973

Ooreenkomstig artikels 87 en 88 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat mnr. Roelof Ferdinand van Heerden op 3 April 1973 behoorlik as lid van die Volksraad vir die kiesafdeling Colesberg verkose verklaar is, aangesien niemand anders behoorlik vir verkiesing vir genoemde kiesafdeling genomineer is nie.



## DEPARTMENT OF MINES

No. 654 19 April 1973  
LAND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), declared that the land previously held as claims, details of which appear in the attached Schedule, shall be open as from 9 a.m., on the 9th day of May 1973, for the pegging in terms of Chapter VI of the said Act, of precious metal claims or base mineral claims according to whether the land has been proclaimed for precious metals or for base minerals.

[18/5/3/1 (Dec. '72)]  
[18/5/3/7 (Dec. '72)]

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 654 19 April 1973  
GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOP VERKLAAR

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 41 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims waarvan besonderhede in bygaande Bylae verskyn, vanaf 9 vm., op die 9de dag van Mei 1973, oop is vir die afpenning, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk VI van genoemde Wet, van kleims vir edelmetale of onedele minerale, na gelang die grond vir edelmetale of vir onedele minerale geproklameer is.

[18/5/3/1 (Des. '72)]  
[18/5/3/7 (Des. '72)]

## SCHEDULE/BYLAE

Lic. No. / Lis. No.	Distinctive numbers of claims / Onderskeidingsnommers van kleims	No. of claims / Getal kleims	Diagram No. / Kaartnommer	Name of last registered holder / Naam van laaste geregistreerde houer	Farm and district / Plaas en distrik
---------------------	--	------------------------------	---------------------------	---	--------------------------------------

MINING DISTRICT OF PIETERSBURG/MYNDISTRIK PIETERSBURG  
BASE MINERAL CLAIMS/ONEDELE MINERALE-KLEIMS

35296	Unnumbered/Ongenommer	12	—	C. F. Raynor.....	Morelag 5 KU, Letaba.
35359	Unnumbered/Ongenommer	25	—	F. B. Viviers.....	Danie 789 LT, Letaba.

MINING DISTRICT OF BARBERTON/MYNDISTRIK BARBERTON  
BASE MINERAL CLAIMS/ONEDELE MINERALE-KLEIMS

13192	Unnumbered/Ongenommer	4	—	W. D. Porteous.....	Little Joker 157 JT, Lydenburg.
13195	Unnumbered/Ongenommer	30	—	W. D. Porteous.....	Mount Prospect 159 JT and/en Formosa 203 JT, Lydenburg.
13345	Unnumbered/Ongenommer	10	—	W. D. Porteous.....	Mount Prospect 159 JT and/en Formosa 203 JT, Lydenburg.
14853	Unnumbered/Ongenommer	39	—	D. N. Viljoen.....	Steynsburg 166 IT, Carolina.

## PRECIOUS METAL CLAIMS/EDELMETAALKLEIMS

8261	29057/110.....	54	RMT 5, 11, 26, 30, 3076	Transvaal Gold Mining Estates Ltd	Desire 563 KT, Pilgrim's Rest/Pelgrimsrus.
17991	Unnumbered/Ongenommer	1	—	W. D. Porteous.....	Mount Prospect 159 JT, Lydenburg.
18692	Unnumbered/Ongenommer	1	—	G. S. Roos.....	Kaapsche Hoop 483 JT, Nelspruit.
18718	Unnumbered/Ongenommer	4	—	A. J. Barnard.....	Erasmushoop 457 KT, Pilgrim's Rest/Pelgrimsrus.
18719	Unnumbered/Ongenommer	4	—	S. J. Barnard.....	Erasmushoop 457 KT, Pilgrim's Rest/Pelgrimsrus.
18720	Unnumbered/Ongenommer	4	—	A. J. Barnard.....	London 496 JT, Pilgrim's Rest/Pelgrimsrus.
18746	Unnumbered/Ongenommer	10	—	R. J. B. Briel.....	Kolenbrander 586 JT, Barberton.
18749	Unnumbered/Ongenommer	50	—	D. W. Bushell.....	Dunbar 383 JU, Barberton.
18750	Unnumbered/Ongenommer	1	—	T. C. Botha.....	Riverside 245 JU, Barberton.
18751	Unnumbered/Ongenommer	1	—	J. Pansegrouw.....	Riverside 245 JU, Barberton.
18756	Unnumbered/Ongenommer	2	—	J. Pansegrouw.....	Kolenbrander 586 JT, Barberton.
18757	Unnumbered/Ongenommer	2	—	T. C. Botha.....	Kolenbrander 586 JT, Barberton.

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 618 19 April 1973

It is hereby notified that the State President has, in terms of the rules published under Government Notice 2004 of 27 December 1963, approved of the under-mentioned South African citizen accepting the foreign awards of honour indicated opposite his name and of his wearing the insignia thereof on suitable occasions:

Captain Jean du Randt:

- British Korea Medal;
- United Nations' Service Medal;
- Mention in Dispatches (British).

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 618 19 April 1973

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermmentskennisgewing 2004 van 27 Desember 1963, goedgekeur het dat die ondergenoemde Suid-Afrikaanse burger die vreemde eerbewyse, teenoor sy naam aangedui, aanvaar, en die onderskeidingstekens daarvan by gepaste geleentheid dra:

Kaptein Jean du Randt:

- Britse Korea-medalje;
- Verenigde Volkere se Diensmedalje;
- Eervolle Vermelding in Berigte (Brittanje).

No. 619

19 April 1973

**APPOINTMENT OF ACTING MINISTER**

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 7 April 1973, of the Honourable B. J. Vorster as Acting Minister of Foreign Affairs, during the absence from South Africa of Dr the Honourable H. Muller.

**GENERAL NOTICES****NOTICE 261 OF 1973****NOTICE OF EXPROPRIATION.—COLESBERG**

**To: THE PERSON IN ACCORDANCE WITH UNDERMENTIONED SCHEDULE AND TO ALL OTHER INTERESTED PARTIES**

**1. Please take notice—**

Whereas to the knowledge of the Community Development Board, established in terms of section 2 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), you are the owner/co-owner of certain immovable property described in the Schedule and whereas the said property are required by the said Community Development Board in order to achieve the objects for which the said Board was established;

And whereas the Minister of Community Development has in terms of paragraphs (a) of subsection (1) of section 38 read with paragraph (viii) of subsection (1) of section 1 of the said Act on 21 December 1972, approved of the expropriation of the said property, together with any restrictive and/or onerous conditions contained in and/or registered against the respective deeds of title under which the said property is held;

2. Now, therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said property with effect from the date of service of this notice; and

3. You are hereby invited to state the amount claimed by you for the said property and you are further required to deliver or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Development Board may allow—

(a) a statement, in writing, setting forth the amount of compensation (if any) claimed for the immovable property described herein;

(b) your documents of title to the immovable property if these are in your possession or under your control; and

(c) if the said documents are not in your possession or under your control, a list signed by you, of the said documents, setting forth the registration numbers and dates thereof and the names and addresses of the persons in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of mortgage bonds (if any) on the immovable properties and the names and addresses of the holders thereof.

4. Further take notice that the ownership in the immovable property described herein shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the said property.

Dated at Bloemfontein on this the twenty first day of March 1973.

J. H. NIEMAND, Secretary for Community Development.  
The Regional Representative, Department of Community Development, Private Bag X0555, Bloemfontein.

13-19-27

No. 619

19 April 1973

**AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER**

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 7 April 1973, van Sy Edele B. J. Vorster as Waarnemende Minister van Buitelandse Sake, gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele dr. H. Muller.

**ALGEMENEKENNISGEWINGS****KENNISGEWING 261 VAN 1973****KENNISGEWING VAN ONTEIENING.—COLESBERG**

**Aan: DIE PERSOON SOOS AANGEDUI IN DIE ONDERSTAANDE BYLAE EN AAN ALLE BELANGHEBBENDE PARTYE**

**1. Geliewe kennis te neem dat—**

Nademaal u na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling van 1966 (Wet 3 van 1966), die eienaar-mede-eienaar is van sekere onroerende eiendom, beskryf in die Bylae, en nademaal genoemde eiendom vir genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad nodig is ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is te bereik;

En Nademaal die Minister van Gemeenskapsbou kragtens die bepalinge van subartikel (1) paragraaf (a) van artikel 38 gelees tesame met paragraaf (xiv) van subartikel (1) van artikel 1 van genoemde Wet, op 21 Desember 1972 die onteiening van genoemde eiendom, tesame met enige beperkende en/of beswarende voorwaardes soos geregistreer teen en/of vervat in die onderskeie titelaktes waaronder die genoemde eiendom gehou word, goedgekeur het;

2. Neem kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad hierby genoemde eiendom onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing; en

3. Word u hierby versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendom eis, te noem en moet u binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan ondergetekende lewer of laat lewer—

(a) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendom hierin beskryf, eis uiteengesit word;

(b) die stukke wat u titelbewyse op die onroerende eiendom uitmaak indien dit in u besit of onder u beheer is; en

(c) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die name en adresse van die persone in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendom (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

4. Neem verder kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendom hierin beskryf, by besorging hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die datum van besorging hiervan genoemde eiendom in besit kan neem.

Gedateer te Bloemfontein, op hede die een-en-twintigste dag van Maart 1973.

J. H. NIEMAND, Sekretaris van Gemeenskapsbou.

Die Streekverteenvoerder, Departement van Gemeenskapsbou, Privaatsak X0555, Bloemfontein.

13-19-27

## SCHEDULE

The undermentioned property is situated at Colesberg, in the Municipality of Colesberg, Division of Colesberg.

## BYLAE

Die eiendom in hierdie Bylae genoem, is geleë te Colesberg, in die munisipaliteit Colesberg, afdeling Colesberg:

Description of property Beskrywing van eiendom	Extent/Grootte		Registered owner Geregistreeerde eienaar
	Sq rds/sq ft Vk rde/vk vt		
Erf; 575.....	49	136	Willem Badenhorst.

(13 April 1973)

## NOTICE 276 OF 1973

## WITHDRAWAL OF PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

Under section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), the National Monuments Council hereby withdraws Notice 707 of 1972.

(19 April 1973)

## KENNISGEWING 276 VAN 1973

## INTREKING VAN VOORLOPIGE VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), trek die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby Kennisgewing 707 van 1972 in.

(19 April 1973)

## NOTICE 278 OF 1973

In terms of section 34 (2) of the Building Societies Act, 1965, the following composite return is published for general information:

## KENNISGEWING 278 VAN 1973

Ingevolge artikel 34 (2) van die Bouverenigingswet, 1965, word onderstaande saamgestelde opgawe vir algemene inligting gepubliseer:

## SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 28 FEBRUARY 1973

## SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG 28 FEBRUARIE 1973

	Number Getal	Amount Bedrag	
		R	R
Number of societies/Getal verenigings.....	14		
Share capital/Aandelekapitaal:			
Indefinite/Onbepaalde.....		1 647 194 161	
Fixed period/Vaste termyn.....		569 927 602	
Total/Totaal.....			2 217 121 763
General reserve/Algemene reserwe.....			109 615 030
Deposits/Deposito's:			
Fixed/Vaste.....		907 806 255	
Savings/Spaar.....		607 637 956	
Total/Totaal.....			1 515 444 211
Accrued interest/Opgeloope rente.....			28 334 925
Collateral cash deposits/Kollaterale kontantdeposito's.....			4 546 687
Accrued interest/Opgeloope rente.....			108 868
Loans and overdrafts/Lenings en oortrekkings.....			5 377 260
Mortgage advances/Voorskotte teen verband:			
(1) Advances over R15 000/Voorskotte bo R15 000.....	38 735		971 903 197
(2) All advances/Alle voorskotte.....	350 289		3 150 047 340
Granted but not paid out/Toegestaan maar nie uitbetaal nie.....			274 972 296
Liquid assets/Likwiede bates:			
Cash and deposits withdrawable on demand/Kontant en deposito's onmiddellik opvraagbaar		84 894 210	
Loans to discount houses and bills/Lenings aan diskontohuise en wissels.....		8 300 000	
Unencumbered securities/Onbeswaarde effekte.....		138 867 148	
Accrued interest/Opgeloope rente.....		2 205 956	
Total/Totaal.....			234 267 314
Statutory minimum amount/Statutêre minimum bedrag.....			194 435 695
Prescribed investments/Voorgeskrewe beleggings:			
Liquid assets/Likwiede bates.....		234 267 314	
Deposits (other than those ranking as liquid assets)/Deposito's (behalwe die wat as likwiede bates geld).....		195 060 114	
Loans to discount houses (other than those ranking as liquid assets)/Lenings aan diskontohuise (behalwe die wat as likwiede bates geld).....			
Unencumbered securities (other than those ranking as liquid assets)/Onbeswaarde effekte (behalwe die wat as likwiede bates geld).....		157 124 091	
Accrued interest/Opgeloope rente.....		7 022 081	
Total/Totaal.....			593 473 600
Statutory minimum amount/Statutêre minimum bedrag.....			375 048 358

19 April 1973



NOTICE 277 OF 1973  
DEPARTMENT OF LABOUR  
WAGE ACT, 1957

WAGE BOARD INVESTIGATION.—BREAD AND  
CONFECTIONERY INDUSTRY, CERTAIN TRANS-  
VAAL AREAS AND SASOLBURG

The Wage Board will meet in the Boardroom, Room 616, Labour House, 180 Bree Street, Johannesburg, at 10 a.m. on 3 May 1973, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice 86 in the *Government Gazette* of 19 January 1973.

D. J. ODENDAAL, Secretary, Wage Board.  
(19 April 1973)

KENNISGEWING 277 VAN 1973  
DEPARTEMENT VAN ARBEID  
LOONWET, 1957

LOONRAADONDERSOEK.—BROOD- EN BANKET-  
NYWERHEID, SEKERE TRANSVAALSE GEBIEDE  
EN SASOLBURG

Die Loonraad sal om 10 vm. op 3 Mei 1973 in die Raadskamer, Kamer 616, Arbeidsgebou, Breestraat 180, Johannesburg, vergader om mondelinge verhoë van belanghebbende partye aan te hoor in verband met bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing 86 in die *Staatskoerant* van 19 Januarie 1973 gepubliseer is.

D. J. ODENDAAL, Sekretaris, Loonraad.  
(19 April 1973)

## NOTICE 280 OF 1973

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK  
Statement of assets and liabilities on the 6th day of April 1973

Liabilities		Assets	
	R		R
Capital.....	2 000 000,00	Gold.....	555 070 630,61
Reserve Fund.....	14 635 999,52	Foreign:	
Notes in circulation.....	628 647 066,00	Bills.....	148 172 370,20
Deposits:		Investments.....	16 877 153,97
Government.....	212 328 002,24	Other assets.....	368 062 319,74
Provincial administrations.....	55 999 198,41	Total gold and foreign assets.....	1 088 182 474,52
Bankers.....	181 704 008,35	Domestic:	
Other.....	71 736 263,04	Bills discounted.....	1 120 000,00
Other liabilities.....	315 607 484,14	Loans and advances:	
		Government.....	—
		Other.....	77 053 099,34
		Securities:	
		Government.....	129 185 251,68
		Other.....	4 753 019,81
		Other assets.....	182 364 176,35
	<u>R1 482 658 021,70</u>		<u>R1 482 658 021,70</u>

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 78,0 per cent.

Pretoria, 11 April 1973.

N. VAN DER WESTHUIZEN, General Manager.

## KENNISGEWING 280 VAN 1973

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK  
Staat van bates en laste op die 6de dag van April 1973

Laste		Bates	
	R		R
Kapitaal.....	2 000 000,00	Goud.....	555 070 630,61
Reserwefonds.....	14 635 999,52	Buitelandse:	
Note in omloop.....	628 647 066,00	Wissels.....	148 172 370,20
Deposito's:		Beleggings.....	16 877 153,97
Regering.....	212 328 002,24	Ander bates.....	368 062 319,74
Provinsiale administrasies.....	55 999 198,41	Totaal aan goud en buitelandse bates.....	1 088 182 474,52
Bankiers.....	181 704 008,35	Binnelandse:	
Andere.....	71 736 263,04	Gediskonteerde wissels.....	1 120 000,00
Ander laste.....	315 607 484,14	Lenings en voorskotte:	
		Regering.....	—
		Andere.....	77 053 099,34
		Sekuriteite:	
		Regering.....	129 185 251,68
		Andere.....	4 753 019,81
		Ander bates.....	182 364 176,35
	<u>R1 482 658 021,70</u>		<u>R1 482 658 021,70</u>

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 78,0 persent.

Pretoria, 11 April 1973.  
(19 April 1973)

N. VAN DER WESTHUIZEN, Hoof bestuurder.



## NOTICE 283 OF 1973

Whereas the following rough or uncut diamonds were found by the person mentioned at the place and date stated, notice is hereby given that if the said diamonds are not claimed within 21 (twenty-one) days from date hereof, it will be sold according to Law:

Three rough or uncut diamonds	1,4 carats	Branch Commander, Diamond Gold Branch, Cullinan	Found by F. J. Smook during 1970 in his garden at 62 Aero Road, Valhalla, Pretoria.
-------------------------------	------------	---	---

Information to the Commander, Diamond Gold Branch, Private Bag 5039, Kimberley.

(19 April 1973)

## NOTICE 285 OF 1973

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949),  
AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, within 21 days of the date of this publication stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as afore-said and who desire to be present or represented at the hearing.

## SCHEDULE A

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is to be operated. (C) Particulars of air service. (i) Area to be served. (ii) Route(s) to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Frequency and time-tables to which the service will be operated. (vi) Types of training to be provided. (vii) Particulars and description of types of work to be undertaken. (viii) Tariff of charges. (D) Aircraft to be used.

(A) Vryheid Vliegklub, P.O. Box 56, Vryheid. (B) Vryheid Vliegklub. (C) Non-scheduled Air Transport Service. (i) Vryheid. (iii) Vryheid. (iv) Emergency flights and flips. (viii) Emergency flights R15 per hour plus incidental expenses; flips R2,50 per person per 15 minute flip (minimum two persons). (D) Cessna 172.

(A) Rustenburg Vliegklub, P.O. Box 1169, Rustenburg. (B) Rustenburg Vliegklub. (C) Non-scheduled Air Transport Service. (i) Republic of South Africa, Botswana, Lesotho, Swaziland, South-West Africa, Angola, Mocambique, Rhodesia, Zambia and Malawi. (iii) Rustenburg. (iv) Passengers and freight. (viii) 25c per mile. (D) Cessna 150D ZS-DUU, Cessna 172G ZS-EHO, Cessna 172F ZS-ASJ, Piper PA32-260 ZS-TRB, Beech 35-C33A ZS-FAF, Cessna 172B ZS-CPU. (Late renewal.)

(A) Rustenburg Vliegklub, P.O. Box 1169, Rustenburg. (B) Rustenburg Vliegklub. (C) Flying Training Air Service. (iii) Rustenburg. (vi) *Ab initio* and advanced training, commercial licences, night instructor and instrument ratings. (viii) R13,20 per hour in respect of Cessna 150,

## KENNISGEWING 283 VAN 1973

Nademaal die ondervermelde ruwe of ongeslypte diamante deur die genoemde persoon by gemelde plek en datum gevind is, word dit hiermee bekendgemaak dat as die regmatige eienaar dit nie binne 21 (een-en-twintig) dae vanaf datum hiervan opeis nie, dit volgens Wet verkoop sal word:

Drie ruwe of ongeslypte diamante	1,4 karaat	Takbevelvoerder, Diamant-Goudtak, Cullinan	Gedurende 1970 deur F. J. Smook in sy tuin te Aero-weg 62, Valhalla, Pretoria gevind.
----------------------------------	------------	--	---

Informasie aan die Bevelvoerder, Diamant-Goudtak, Privaatsak 5039, Kimberley.

(19 April 1973)

## KENNISGEWING 285 VAN 1973

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949),  
SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

## BYLAE A

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer gaan word. (C) Besonderhede van lugdiens. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii) Basis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Frekwensie en roosters waarvolgens die diens geëksploiteer gaan word. (vi) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vii) Besonderhede en beskrywing van soort werk wat onderneem gaan word. (viii) Tariëfskaal. (D) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Vryheid Vliegklub, Posbus 56, Vryheid. (B) Vryheid Vliegklub. (C) Nie-vasgestelde Lugvervoerdien. (i) Vryheid. (iii) Vryheid. (iv) Noodvlugte en plesierritte. (viii) Noodvlugte R15 per uur plus toevallige uitgawes; plesierritte R2,50 per persoon per 15 minute vliegtoggie (minimum twee persone). (D) Cessna 172.

(A) Rustenburg Vliegklub, Posbus 1169, Rustenburg. (B) Rustenburg Vliegklub. (C) Nie-vasgestelde Lugvervoerdien. (i) Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Swaziland, Suidwes-Afrika, Angola, Mosambiek, Rhodesië, Zambië en Malawi. (iii) Rustenburg. (iv) Passasiers en vrag. (viii) 25c per myl. (D) Cessna 150D ZS-DUU, Cessna 172G ZS-EHO, Cessna 172F ZS-ASJ, Piper PA32-260 ZS-TRB, Beech 35-C33A ZS-FAF en Cessna 172B ZS-CPU. (Laat hernuwing.)

(A) Rustenburg Vliegklub, Posbus 1169, Rustenburg. (B) Rustenburg Vliegklub. (C) Vliegopleidingslugdiens. (iii) Rustenburg. (vi) *Ab initio* en gevorderde opleiding, handelslisensies, nagvlieg-, instruktors- en instrumentgraderings. (viii) R13,20 per uur ten opsigte van Cessna



R18 per hour in respect of Cessna 172F G, R25 per hour in respect of Piper PA32-260, R20 per hour in respect of Cessna 172B and R30 per hour in respect of Beech 35-C33A. (D) Cessna 150D ZS-DUU, Cessna 172G ZS-EHO, Cessna 172F ZS-ASJ, Piper PA32-260 ZS-TRB, Beech 35-C33A ZS-FAF and Cessna 172B ZS-CPU. (Late renewal.)

#### SCHEDULE B

##### SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Base(s). (ii) Route(s). (iii) Area to be served. (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) Oribi Air (Pty) Ltd, P.O. Box 10177, Scottsville, Natal. (B) Oribi Air (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence 630, dated 30 March 1967. (D) (i) Oribi, Diamond Vlei, Franklin and The Grange, Umzimkulu. (v) Private pilots, commercial pilots and instrument rating. (vii) R10 to R12 per hour dual and R9 to R11 per hour solo. (E) Piper PA28-140 ZS-FEG, ZS-FOZ, ZS-FWO and ZS-FWY, Piper PA28R-180 ZS-FTU, Piper PA28-180 ZS-IKM and Cessna 177B ZS-IFY.

(A) Wing Tours, P.O. Box 53, Kempton Park. (B) Wing Tours. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 729, dated 13 April 1972. (i) Rand Airport. (iii) Africa south of the equator excluding Angola, Zaire and Lesotho east of a line joining Quithing, Mohales Hoek, Leribe and Butha Butha. (iv) Passengers and freight. (vii) R35 per hour. (E) Piper PA32-300 ZS-FVL.

#### SCHEDULE D

##### SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) National Airways Corporation (Pty) Ltd, P.O. Rand Airport, Transvaal. (B) National Airways Corporation (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 402, Flying Training Air Service Licence 403 and Aerial Work Air Service Licence 404. Under "Aircraft to be used," delete: "Beech 95-B55 ZS-IHJ and Beech 23 ZS-IMW" and add: "Beech 95-B55 ZS-IMG and Beech B19 ZS-IMW".

